TJOKKIE-brokkies!

Uitgawe: 3/4/2017 **Datum: 26 Okt 2017**

Uit die kantoor:

Gr 7 Kompetisie

Baie dankie aan elkeen wat kaartjies gekoop het en hiermee die Gr 7 leerlinge ondersteun het. Hulle samel jaarliks geld in om vir die skool ‘n afskeidsgeskenk te koop en vanjaar kan hulle sommer groot gaan omrede hulle met die kompetisie en die bingo-aand ‘n hele
R80 000 ingesamel het.

Baie dankie aan me Riëtte Fivas, voorsitter vd Gr 7 ouerkomitee en haar komitee wat hierdie projekte geloods het. ‘n Spesiale dankie aan me Freda Goosen wat die pryse vir die kompetisie gekry het asook mnr Rainier Esterhuizen van Pinnacle wat die pryse geborg het.

Die pryswenners is as volg:
1e prys (TV) – Me Minette Jacobs (ouer).
2e prys (Tablet) me E Lourens (ouma)
3e prys (selfoon) – me Rina Jacobs (buitestaander)

Voortrekkerprysuitdeling
Dankie aan al die ouers wat die saal volgesit het. Julle outjies het julle teenwoordigheid baie waardeer.

Leerlingraad 2018
Veels geluk aan elke Tjokkie wat verkies is. Die hoofleiers word tydens die prysuitdeling bekend gemaak.

BELANGRIKE DATUMS:

27 Okt: Die 0/13 krieketspan neem aan ‘n sewe-aan-‘n-kant toernooi in Bethlehem deel.

28 Okt: JF Atletiek by die stadion. Die atlete wat deelneem, het die inligting ontvang.

Ons blokfluitleerlinge reis na Eureka in Kimberley vir deelname daar.

29 Okt: Ons seniorkoor tree by NG Universitas-wes kerk op. Koorlede het ook briewe ontvang.

30 Okt: 0/9 Krieketliga

Beheerliggaam Begrotings-vergadering om 17:00.

Juf Retha se musiekleerlinge hou ‘n optrede vir hulle ouers om 18h00 in die saal.

31 Okt: 0/11 krieketliga.

Voortrekkers en seniorkoor se afsluiting. Reëlings sal deurgegee word.

Veiligheidsvergadering om 17:00

1 Nov: GSF prysuitdeling vir alle leerlinge om 18:30 Elke leerling ontvang ‘n skrywe met die reëlings.

2 Nov: Senior prysuitdeling om 18:30. Elke leerling wat betrokke is, ontvang die reëlings

Buitemuurs staak

Uitslae

Baie geluk aan Miané Smit wat vir die 0/13 dogters Vrystaat Krieketspan gekies is.

Die volgende leerders is gekies vir die Vrystaat Skaakspan wat in Januarie 2018 in Pretoria gaan deelneem:

Eckhard Hattingh
Heinrich Geyser
Michelle J v Rensburg
Wian Griesel
Gerhardus J v Rensburg
Arno Griesel

FINANSIES

Kennis geskied hiermee van die begrotingsvergadering vir ouers wat op Maandag, 13 November om 18h00 in die skoolsaal plaasvind.

Ouers word versoek om dit by te woon, aangesien u die begroting en nuwe skoolgeld vir 2018 moet goedkeur. Die vergadering sal teen 19h00 klaar wees.

VAKATURE

‘n Vakature vir ‘n onderwyser in die seniorfase vir Graad 6 en 7 Engels bestaan vanaf Januarie 2018.

Sien asb die volledige advertensie hierby aangeheg.

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com

KAALVOETKAFEE

Kaalvoetkafee gaan die kwartaal die volgende eetgoed verskaf. Bestel tydens kortpouse vir langpouse:

Maandae
Vars broodrolletjie met koue vleis en slaai (R15)

Dinsdae
Driehoekbroodjies op 'n stokkie (R15)

Woensdae
Hoenderburger (R20)

Donderdae
Visvingers en chips (R12)
Vienna en chips (R12)
Chips (R10)

Vrydae
Wraps (R25)

Wanneer beskikbaar sal daar waatlemoenskywe (R5) en vrugteslaai met roomys (R15) te koop wees.

Onthou ook ons hotdogs (R12), geroosterde broodjies (R10 – R15) en vleispasteie (R16).

GRONDSLAGFASE KOOR

Die GSF koor se tweede koor-cd is beskikbaar by die kantoor. Daar is nog 'n paar oor en is 'n lekker Kersgeskenk. Cd's kos R100.

Messeskou (4 November)

Die mesgilde van SA hou jaarliks hulle uitstalling in ons skoolsaal.

Pragtige handgemaakte messe word uitgestal en verkoop. Dis werklik versamelaarsitems. Indien jy belangstel om te kom kyk en koop, die pryse is uiters billik.

Wat vanjaar nog meer interessant maak, is dat Mnr Coomans en mnr Jaco Kotze, Skoolhoof van Willem Postma, geleer gaan word hoe om 'n mes te maak, en teen mekaar meeding wie die mooiste mes kan maak. As julle wil weet wie dit is sal julle moet kom kyk.

Toegangsfooi is R20 per persoon. Kinders onder 16 is gratis.
Daar is ook 'n kompetisie waar 'n mes gewen kan word. Kaartjies hiervoor kos R10.

Komaan pa's, kom maak 'n draai en bring julle seuns saam.

MUSIEK

Die volgende leerders is op UNISA se ererol vir uitblinkers geplaas (bo 90%) na afloop van die laaste klaviereksamens:

Lohan Nortjé 92%
Mikael von Eschwege 91%
Bea Calitz 90%
Jana Helmand 90%
Lienka Stevens 90%

Hierdie is 'n uitsonderlike prestasie. Baie geluk!

VOORTREKKERS

Baie geluk aan die Voortrekkers se Hoofleiers vir volgende jaar:

Marlienke Taylor
Tristan Heckroodt

BEDANKING BINGO-AAND

Tjokkies bedank graag die volgende persone / instansies wat pryse en / of donasies gegee het vir die Bingo-aand wat op 19 Oktober 2017 plaasgevind het. Baie dankie ook aan elke ouer wat 'n bydrae gelewer het en hul harde werk.

Bloempapier
Jacques Jordaan
Besigheidstrust
OOBA Lynette du Plessis
Starr Eiendomme Martina Gouws
Shani Electrical
Core Group
Nellie McIntyre Eiendomme
Klaas Vermaak
Lexis Nexis (George Stikkos)
Macsteel
Edunation
Renewed Beauty Salon
Tracker
Mr Broker Insurance Brokers
Compuden Rekenaars
Medi Clinic
FNB Tokkie Lourens
Anton Otto
Iatros International Research

AKADEMIE – EKSAMENROOSTER (Herhaal)

Neem asseblief kennis dat die Graad 7 leerders verpligte departementele vraestelle op die aangewese datums en tydgleuwe skryf. Die gr. 4-6 rooster is dienooreenkomstig aangepas om logistieke probleme te voorkom. Praktiese evaluasies in Kuns, asook `n PSW assessering (gr. 4-6), vind plaas soos aangedui. Leerders sal deeglik ingelig word oor die bepaalde kriteria deur hul onderskeie onderwysers. By Tale is Vraestel 1 – begripstoets, taalwerk en literatuur. Vraestel 2 is - kreatiewe skryfwerk (opstel, brief, ens.)

Weens die feit dat die graad 7 leerders eers die 8ste November van hul afskeidstoer terugkeer, blok hul op 9 November 2017. Hul hoef dus nie skool toe te kom nie. Voorbereiding vir EBW moet op hierdie dag gedoen word.

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com

BEHEERLIGGAAMPOS
GRAAD 7 ENGELS

Posvereiste:

- Erkende onderwys kwalifikasie.
- Geregistreer by die SAOR (SA Onderwysraad).
- Innoverende persoon met kennis van tegnologie en die gebruik daarvan in die klaskamer.
- Veelsydige persoon met toegewyde buitemuurse ingesteldheid.
- Diensaanvaarding, 1 Januarie 2018.

Ter inligting:

- 'n Markverwante salaris word aangebied.
- Handig 'n volledige CV met kwalifikasies, dienservaring en sport en kultuur kwalifikasies by die skoolkantoor in.
- Sluitingsdatum: Donderdag, 9 November 2017.
- Aansoeke word nie teruggestuur nie.
- Indien jy geen terugvoering teen 23 November ontvang het nie, aanvaar dat die aansoek onsuksesvol was.
- Vir navrae skakel die skoolhoof by 051-5221371 of E-pos: office@tjokkies.co.za.

BORGE

Baie dankie aan ons anker borge! Ondersteun hulle asb.

SNUFFELS

Oprigting van devil's fork heining en afdakke asook verwydering van bourommel en vullis met 5 ton trok. Kotak Martin Meyer by: 082 783 5842

Gereformeerde Kerk Bloemfontein Suid hou die jaar Kontreifees! 28 Oktober 9vm - 2nm. Bring die kinders, groot speelarea met baie aktiwiteite. Terwyl die kinders lekker onder toesig speel, kan die ouers die stalletjies besoek en heerlike eetgoedjies geniet. Ons hoop om julle daar te sien, op hierdie fees mag `n mens nie utmis nie! Adres: h/v Walter Sisulu en Lilacweg, regoor Hoërskool Jim Fouchè.
Kontak Analie by 083 666 3798

Estudair Studies
Bekommerd oor rapporte?
Estudair verskaf memoriserings-, geheue- en visialiseringstegnieke aan u kinders. Kom ons vat die toekoms aan met u kind se volle potensiaal! Stel u belang?
Kontak vir Inge by 072 607 8674.

NG KERK BAINSVLEI

Kontak die kerkkantoor by 051-451 1788 vir billike tariewe vir die huur van die saal of tafels, stoele, tafeldoeke en breekgoed.

Washday Blues Laundry
Oop 7:30 - 17H30
Donald Murray 93
Was + Droog + Stryk = R15/kg
Was + Droog = R13/kg
Dubbel Duvet = R80
Enkel Duvet = R70

Kontak Suaan by:
082 335 6947

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com

Eksamenrooster November 2017

DATUM	GRAAD 4	GRAAD 5	GRAAD 6	GRAAD 7
10 NOV VRYDAG				EBW DEPT VRAESTEL 09:00 - 11:00
13 NOV MAANDAG				WISKUNDE DEPT VRAESTEL 09:00 - 11:00
14 NOV DINSDAG	AFR VRAESTEL 1	AFR VRAESTEL 1	AFR VRAESTEL 1	AFRIKAANS DEPT VRAESTEL 1 09:00 - 11:00
15 NOV WOENSDAG	ENG VRAESTEL 1	ENG VRAESTEL 1	ENG VRAESTEL 1	ENGELS DEPT VRAESTEL 1 09:00 - 11:00
16 NOV DONDERDAG	NWT	NWT	NWT	NATUURWETENSKAP DEPT VRAESTEL 09:00 - 11:00
17 NOV VRYDAG	ENG VRAESTEL 2	ENG VRAESTEL 2	ENG VRAESTEL 2	ENGELS DEPT VRAESTEL 2 09:00 - 11:00 DRAMA PRAKTIESE EVALUASIE 11:30 - 13:00
20 NOV MAANDAG	WISK	WISK	WISK	SW DEPT VRAESTEL 1 GEOGRAFIE 09:00 - 11:00
21 NOV DINSDAG	KUNS PRAKTIES	KUNS PRAKTIES	KUNS PRAKTIES	KUNS PRAKTIESE EVALUASIE 08:00 - 10:00 (A+B) 11:00- 13:00 (C + D)
22 NOV WOENSDAG	AFR VRAESTEL 2	AFR VRAESTEL 2	AFR VRAESTEL 2	AFRIKAANS DEPT VRAESTEL 2 09:00 - 11:00 TEG DEPT VRAESTEL 11:30 - 13:30
23 NOV DONDERDAG	PSW ASSESSERING	PSW ASSESSERING	PSW ASSESSERING	LEWENSORIëNTERING DEPT VRAESTEL 09:00 - 11:00 KUNS DEPT VRAESTEL 11:30 - 13:00
24 NOV VRYDAG	SW	SW	SW	SW DEPT VRAESTEL 2 GESKIEDENIS 09:00 - 11:00

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com